



GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded AVB uitgesluit)
Local 80c Plaashok
Other countries R1,10 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 310

CAPE TOWN, 19 APRIL 1991

KAAPSTAD, 19 APRIL 1991

No. 13166

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 813.

19 April 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 18 of 1991: Animal Diseases Amendment Act, 1991.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 803.

19 April 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 18 van 1991: Wysigingswet op Dieresiektes, 1991.

Act No. 18, 1991

ANIMAL DISEASES AMENDMENT ACT, 1991

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Animal Diseases Act, 1984, so as to further define a certain expression; to further regulate the declaration of places to be quarantine stations; to extend the control measures relating to the importation of animals, parasites and contaminated or infectious things to the conveyance in transit thereof; to further regulate the seizure and disposal of, and compensation payable in respect of, controlled animals and things; to create additional offences and revise penalties; and to extend the application of presumptions; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 8 April 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 35 of 1984

1. Section 1 of the Animal Diseases Act, 1984 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "officer" of the following definition:

"'officer' means any officer or employee as defined in section 1 (1) of the Public Service Act, [1957 (Act No. 54 of 1957)] 1984 (Act No. 111 of 1984), acting under delegation from or control of the director;".

Amendment of section 2 of Act 35 of 1984

10

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The director of the [Division of Veterinary Services] Directorate of Animal Health of the department, who shall be a veterinarian, shall exercise the powers and perform the duties conferred or imposed upon the director by or under this Act."

15

Amendment of section 5 of Act 35 of 1984

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The [Minister] director may—
(a) with the approval of the Minister, at any place in the Republic establish, or cause to be established, a quarantine station for the accommodation of imported animals or things which are in terms of this Act required or permitted to be detained or isolated; and

20

WYSIGINGSWET OP DIERESIEKTES, 1991

Wet No. 18, 1991

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
-
- Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.
-
-

WET

Tot wysiging van die Wet op Dieresiektes, 1984, ten einde 'n sekere uitdrukking nader te omskryf; die verklaring van plekke tot kwarantynstasies verder te reël; die beheermaatreëls betreffende die invoer van diere, parasiëte en besoedelde of besmetlike dinge uit te brei na die deurvoer daarvan; die beslaglegging op, beskikking oor, en vergoeding betaalbaar ten opsigte van, beheerde diere en dinge verder te reël; verdere misdrywe te skep en strawwe te hersien; en die toepassing van vermoedens uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 8 April 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Wysiging van artikel 1 van Wet 35 van 1984

1. Artikel 1 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "beampie" deur die volgende omskrywing te vervang:
"beampie" 'n beampie of werknemer soos omskryf in artikel 1 (1) van die Staatsdienswet, [1957 (Wet No. 54 van 1957)] 1984 (Wet No. 111 van 1984), wat ingevolge magtiging of onder beheer van die direkteur optree;".

10 Wysiging van artikel 2 van Wet 35 van 1984

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
"(1) Die direkteur van die [Afdeling Veeartsenydiens] Direktoraat Diergeondheid van die departement, wat 'n veearts is, oefen die bevoegdhede en voer die pligte uit wat deur of kragtens hierdie Wet aan die direkteur verleen of opgelê word."

Wysiging van artikel 5 van Wet 35 van 1984

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
"(1) Die [Minister] direkteur kan—
(a) met die goedkeuring van die Minister, op enige plek in die Republiek 'n kwarantynstasie vir die akkommodasie van ingevoerde diere [en] of dinge wat ingevolge hierdie Wet aangehou of afgesonder moet of kan word, oprig of laat oprig; en

Act No. 18, 1991

ANIMAL DISEASES AMENDMENT ACT, 1991

- (b) declare any place where any animal or thing which may be seized under this Act, or which is in terms of this Act required or permitted to be detained or isolated, is found, to be a quarantine station for the accommodation of such animal or thing [until the animal or thing is otherwise disposed of].

Amendment of section 6 of Act 35 of 1984

5

4. Section 6 of the principal Act is hereby amended—
 (a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:
 “(a) No person shall import into or convey in transit through the Republic any animal, parasite or contaminated or infectious thing [into the Republic] except under the authority of a permit and in compliance with any condition imposed in such permit.”; 10
 (b) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (b) of subsection (1) of the following subparagraph:
 “(i) shall be obtained by an importer before the relevant animal or thing is removed from or out of any place outside the Republic by means of any conveyance or by any other means for the purpose of importing it into or conveying it in transit through the Republic;”; and 15
 (c) by the addition of the following paragraph to subsection (1):
 “(c) When any person imports into or conveys in transit through the Republic animals or things of the same class on a regular basis from the same country, the director may, if he is satisfied that it will not defeat a controlled purpose, issue to such a person a permit referred to in paragraph (a) to so import or convey during the period specified therein consecutive consignments of animals or things of the same class.”; 20
 25

Repeal of section 7 of Act 35 of 1984

5. Section 7 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 11 of Act 35 of 1984

6. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
 “(2) A veterinarian or any other person who finds the incidence or suspected incidence of any controlled animal disease in any animal or progeny or product thereof, shall immediately report such incidence to the director.”.

Amendment of section 12 of Act 35 of 1984

35

7. Section 12 of the principal Act is hereby amended—
 (a) by the substitution for paragraph (d) of subsection (2) of the following paragraph:
 “(d) seize the animal, or any such progeny or product thereof, in accordance with the provisions of section 17 (1), and in his discretion destroy it, or dispose thereof for the benefit of the State.”; and 40
 (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
 “(3) The provisions of subsections (1) [(a) and (b)], (2) [(c)] and (4) [(a)] shall mutatis mutandis also apply in respect of any animal, and any progeny or product thereof, found on land by the owner or manager of the land, or by any owner of animals thereon, if such person knows that it had strayed thereto, or has been unlawfully removed, from any other place in the Republic, or if it can reasonably be suspected of having so strayed or been removed, and knows that any circumstance referred to in subsection (1) (b) of section 17 is present in respect thereof, or it can reasonably be so suspected.”.

WYSIGINGSWET OP DIERESIEKTES, 1991

Wet No. 18, 1991

- 5 (b) enige plek waar 'n dier of ding gevind word waarop kragtens hierdie Wet beslag gelé kan word, of wat ingevolge hierdie Wet aangehou of afgesondert moet of kan word, vir die akkommodasie van so 'n dier of ding tot 'n kwarantynstasie verklaar [totdat andersins oor die dier of ding beskik word]."

Wysiging van artikel 6 van Wet 35 van 1984

4. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- 10 (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Niemand mag behalwe op gesag van 'n permit en ooreenkomsdig 'n voorwaarde in so 'n permit opgelé enige dier, parasiet of besoedelde of besmetlike ding in die Republiek invoer of deurvoer nie."

- 15 (b) deur subparagraaf (i) van paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) moet deur 'n invoerder verkry word alvorens die betrokke dier of ding vanaf of uit 'n plek buite die Republiek deur middel van enige vervoermiddel of op enige ander wyse verwyder word met die doel om dit in die Republiek in te voer of deur te voer"; en

- 20 (c) deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"(c) Wanneer iemand dieselfde klas diere of dinge op 'n gereelde grondslag vanaf dieselfde land in die Republiek invoer of deurvoer, kan die direkteur, indien hy oortuig is dat dit nie 'n beheerde doel sal verydel nie, aan so 'n persoon 'n permit bedoel in paragraaf (a) uitreik om gedurende die tydperk daarin vermeld opeenvolgende besendings van dieselfde klas diere of dinge aldus in te voer of deur te voer."

Herroeping van artikel 7 van Wet 35 van 1984

5. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 11 van Wet 35 van 1984

6. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Veearts of enige ander persoon wat die voorkoms of vermoedelike voorkoms van enige beheerde dieresiekte by enige dier of voortbrengsel of produk daarvan aantref, moet die voorkoms onverwyld by die direkteur aanmeld."

35 Wysiging van artikel 12 van Wet 35 van 1984

7. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- 40 (a) deur paragraaf (d) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) op die dier, en enige voortbrengsel of produk daarvan, ooreenkomsdig die bepalings van artikel 17(1) beslag lê, en dit na goeddunke van kant maak, of daaroor ten behoeve van die Staat beskik"; en

- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die bepalings van subartikels (1) [(a) en (b)], (2) [(c)] en (4) [(a)] is mutatis mutandis ook van toepassing ten opsigte van 'n dier, en enige voortbrengsel of produk daarvan, wat deur die eienaar of bestuurder van grond, of 'n eienaar van diere daarop, op die grond gevind word, indien so 'n persoon weet, of daar redelikerwys vermoed kan word, dat dit vanaf 'n ander plek in die Republiek daarheen afgedwaal het, of onwettig verwyder is, en weet, of daar redelickerwys vermoed kan word, dat enige omstandigheid bedoel in subartikel (1) (b) van artikel 17 ten opsigte daarvan aanwesig is."

Act No. 18, 1991

ANIMAL DISEASES AMENDMENT ACT, 1991

Amendment of section 17 of Act 35 of 1984

8. Section 17 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion of the following subsections after subsection (2):

"(2A) (a) Notwithstanding the provisions of subsection (2), the director shall remain in possession of and retain control over any animal or other thing referred to in subsection (1) (a) seized by him under the said subsection and which is an infectious or contaminated thing or is on reasonable grounds suspected to be an infectious or contaminated thing, and he may at his discretion dispose thereof.

5

(b) Before the director disposes of any animal or other thing under paragraph (a), he may place such thing at the disposal of a police official referred to in subsection (2) for any investigation such police official deems necessary.

10

(2B) (a) Notwithstanding the provisions of subsection (2), any animal or thing which has been seized in terms of subsection (1) (a) on the ground of no permit having been obtained for the importation thereof, together with any progeny or product thereof, may, where the director is of the opinion that a permit would have been issued if an application therefor had been made, be returned to the person who has imported the animal or thing to be removed at his own expense within the period determined by the director, from the Republic.

15

(b) If the person referred to in paragraph (a) refuses to accept any such animal or thing, or so to remove it from the Republic, the director may at his discretion destroy it or otherwise dispose of it for the benefit of the State."; and

20

(b) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) [The] An owner [in respect] of any animal or thing seized under subsection [(1) (b)] (1), shall reimburse the State any reasonable expenses incurred by the director in connection with the performance by him of any act under any provision of subsection (2B), (3), (4) or (5) in respect thereof, and which cannot be defrayed from any income referred to in subsection (5)

30

(a): Provided that the foregoing provisions of this subsection shall not apply in respect of any animal to which any provision of an animal health scheme applies."

25

Amendment of section 19 of Act 35 of 1984

35

9. Section 19 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) No compensation shall be payable in respect of any animal or thing which has been used in connection with the commission of an offence in terms of this Act or in respect of which such offence has been committed, as the case may be, and which has been destroyed or otherwise disposed of by the director or by his order pursuant to the provisions of this Act."

40

Amendment of section 32 of Act 35 of 1984

10. Section 32 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (m) of subsection (1) of the following subparagraph:

45

"(i) removes or causes to be removed, any animal or thing [for the importation] in respect of which a permit referred to in section 6 (1) (a) is required to be obtained, from or out of any place outside the Republic, [and places it on any conveyance, or causes it to be placed] with the object of importing it [by means of such conveyance] into, or conveying it in transit through, the Republic, without such permit having been issued to him; or";

50

(b) by the addition of the following subparagraph to paragraph (m):

"(iii) is found in possession of any animal or thing in respect of which a permit referred to in section 6 (1) (a) is required to be obtained and in respect of which there is a reasonable suspicion that it was imported into the Republic without such permit or contrary to a condition of such permit, and is unable to give a satisfactory account of such possession;"

55

60

WYSIGINGSWET OP DIERESIEKTES. 1991

Wet No. 18, 1991

Wysiging van artikel 17 van Wet 35 van 1984

8. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig—
(a) deur die volgende subartikels na subartikel (2) in te voeg:

5 "(2A) (a) Ondanks die bepalings van subartikel (2) bly die direkteur in besit van en behou hy beheer oor enige dier of ander ding bedoel in subartikel (1) (a) waarop hy kragtens genoemde subartikel beslag gelê het, en wat 'n besmetlike of besoedelde ding is of op redelike gronde vermoed word 'n besmetlike of besoedelde ding te wees, en kan hy na goeddunke daaroor beskik."

10 "(b) Voordat die direkteur kragtens paragraaf (a) oor 'n dier of ander ding beskik, kan hy dit tot beskikking stel van 'n polisiebeampte bedoel in subartikel (2) vir enige ondersoek wat die polisiebeampte nodig ag.

15 "(2B) (a) Ondanks die bepalings van subartikel (2) kan enige dier of ding waarop ingevolge subartikel (1) (a) beslag gelê is op grond daarvan dat geen permit vir die invoer daarvan verkry is nie, tesame met enige voortbrengsel of produk daarvan, aan die persoon wat die dier of ding ingevoer het, teruggegee word om op sy eie koste binne die tydperk deur die direkteur bepaal uit die Republiek verwijder te word, indien die direkteur van oordeel is dat 'n permit uitgereik sou geword het indien daarom aansoek gedoen was.

20 "(b) Indien die persoon in paragraaf (a) bedoel, weier om so 'n dier of ding terug te ontvang, of dit aldus uit die Republiek te verwijder, kan die direkteur, na goeddunke, dit van kant maak of ten voordele van die Staat anders daaroor beskik.";

25 "(b) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

30 "(6) 'n Eienaar [ten opsigte] van enige dier of ding waarop kragtens subartikel [(1) (b)] (1) beslag gelê is, moet die redelike uitgawes wat die direkteur in verband met die verrigting deur hom van enige handeling ten opsigte daarvan kragtens 'n bepaling van subartikel (2B), (3), (4) of (5) aangegaan het, en wat nie uit inkomste bedoel in subartikel (5) (a) verhaal kan word nie, aan die Staat vergoed: Met dien verstande dat die voor-gaande bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie ten opsigte van enige dier waarop 'n bepaling van 'n diergesondheidskema van toepassing is."

35 Wysiging van artikel 19 van Wet 35 van 1984

9. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

40 "(4) Geen vergoeding is betaalbaar nie ten opsigte van enige dier of ding wat in verband met die pleeg van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gebruik is of ten opsigte waarvan so 'n misdryf gepleeg is, na gelang van die geval, en wat uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet deur die direkteur of op sy lasgewing van kant gemaak, vernietig of andersins oor beskik is."

Wysiging van artikel 32 van Wet 35 van 1984

45 10. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig—
(a) deur subparagraph (i) van paragraaf (m) van subartikel (1) deur die volgende subparagraph te vervang:

50 "(i) 'n dier of ding [vir die invoer] ten opsigte waarvan 'n permit bedoel in artikel 6 (1) (a) verkry moet word, vanaf of uit 'n plek buite die Republiek verwijder of laat verwijder [en dit op 'n vervoermiddel plaas of laat plaas] met die doel om dit [deur middel van daardie vervoermiddel] in die Republiek in te voer of deur te voer sonder dat so 'n permit aan hom uitgereik is; of";

55 "(b) deur die volgende subparagraph by paragraaf (m) te voeg:

55 "(iii) in besit gevind word van 'n dier of ding ten opsigte waarvan 'n permit bedoel in artikel 6 (1) (a) verkry moet word en ten opsigte waarvan 'n redelike vermoede bestaan dat dit sonder so 'n permit, of in stryd met 'n voorwaarde van so 'n permit, in die Republiek ingevoer is, en wat nie in staat is om voldoende rekenskap van sodanige besit te gee nie;"

Act No. 18, 1991

ANIMAL DISEASES AMENDMENT ACT, 1991

- (c) by the substitution for paragraph (u) of subsection (1) of the following paragraph:
 "(u) contravenes any provision of section 4 (3), 12 (1) (a) or (b), (3) or (4) 5
 (b), or 24, or fails to comply therewith;";
- (d) by the substitution for item (bb) of subsection (1) of the following item: 5
 "(bb) on a first conviction of an offence referred to in any paragraph [(b) (iii),
 'e), (f), (g), (j), (n) (i), (q), (r) (i) or (ii), (s) or (t)] of this subsection other
 than a paragraph mentioned in item (aa), be liable to a fine not
 exceeding [R5 000] R8 000 or to imprisonment for a period not
 exceeding [five] two years, or to both such fine and such imprison- 10
 ment;";
- (e) by the substitution for item (cc) of subsection (1) of the following item:
 "(cc) on a second conviction of an offence referred to in item (bb), be liable
 to a fine not exceeding [R10 000] R16 000 or to imprisonment for a
 period not exceeding [ten] four years, or to both such fine and such 15
 imprisonment;";
- (f) by the deletion of items (dd) and (ee) of subsection (1); and
- (g) by the substitution for item (ff) of subsection (1) of the following item:
 "(ff) on a third or subsequent conviction of an offence referred to in [items]
 item (bb) [or (dd), respectively], be liable to imprisonment for a period 20
 not exceeding the [periods] period referred to in item (cc) [or (ee),
 respectively], without the option of a fine.".

Amendment of section 33 of Act 35 of 1984

11. Section 33 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in paragraph (c) of subsection (1) for subparagraphs (i), 25
 (ii) and (iii) of the following subparagraphs, respectively:
 "(i) he did not so import it or bring it in; [or]
 (ii) he so imported it or brought it in lawfully; [or]
 (iii) he, before the alleged contravention, had lawfully been an owner in
 respect thereof, and that it had not been removed from any place 30
 where it had been present or detained, by himself or on his authority;
 or";
- (b) by the addition to paragraph (c) of subsection (1) of the following
 subparagraph:
 "(iv) in the case of an animal, any brand that appears thereon and 35
 corresponds with a brand registered by a competent authority in
 another State or territory, is the brand registered in the Republic in
 favour of himself or of the person from whom he bought or acquired
 such animal;"; and
- (c) by the addition of the following subsection:
 "(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall, in so far as they can
 be applied, apply mutatis mutandis in civil proceedings resulting from the
 implementation of this Act.".

40

Amendment of section 34 of Act 35 of 1984

12. Section 34 of the principal Act is hereby amended by the substitution for 45
 subsection (4) of the following subsection:

- "(4) In the application of this section in any [prosecution] proceedings,
 evidence that any land, animal, thing or conveyance was, at the time of the act
 or omission charged or in issue, in the possession or under the custody,
 supervision, control or care of any manager, representative, agent, employee or 50
 member of the household of a principal, shall be *prima facie* proof that the
 relevant principal is an owner in respect thereof.".

Short title and commencement

13. (1) This Act shall be called the Animal Diseases Amendment Act, 1991, and
 shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in 55
 the *Gazette*.

(2) Different dates may be so fixed in respect of different provisions of this Act.

WYSIGINGSWET OP DIERESIEKTES, 1991

Wet No. 18, 1991

- (c) deur paragraaf (u) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 "(u) 'n bepaling van artikel 4 (3), 12 (1) (a) of (b), (3) of (4) (b), of 24 oortree, of versuim om daaraan te voldoen;"
- 5 (d) deur item (bb) van subartikel (1) deur die volgende item te vervang:
 "(bb) by 'n eerste skuldigbevinding aan 'n misdryf bedoel in enige ander paragraaf [(b) (iii), (e), (f), (g), (j), (n), (i), (q), (r) (i) of (ii), (s) of (t)] van hierdie subartikel as 'n paragraaf in item (aa) genoem, strafbaar met 'n boete van hoogstens [R5 000] R8 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens [vijf] twee jaar, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf;"
- 10 (e) deur item (cc) van subartikel (1) deur die volgende item te vervang:
 "(cc) by 'n tweede skuldigbevinding aan 'n misdryf bedoel in item (bb), strafbaar met 'n boete van hoogstens [10 000] R16 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens [tien] vier jaar, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf;"
- 15 (f) deur items (dd) en (ee) van subartikel (1) te skrap; en
 (g) deur item (ff) van subartikel (1) deur die volgende item te vervang:
 "(ff) by 'n derde of daaropvolgende skuldigbevinding aan 'n misdryf [onderskeidelik] in item (bb) [of (dd)] bedoel, strafbaar met gevangenisstraf vir hoogstens die [tydperke onderskeidelik] tydperk in item (cc) [of (ee)] bedoel, sonder die keuse van 'n boete;"
- 20

Wysiging van artikel 33 van Wet 35 van 1984

- 25 11. Artikel 33 van die Hoofwet word hierby gewysig—
 (a) deur in paragraaf (c) van subartikel (1) subparagrawe (i), (ii) en (iii) deur onderskeidelik die volgende subparagrawe te vervang:
 "(i) hy dit nie aldus ingevoer of ingebring het nie; of
 (ii) hy dit aldus wettiglik ingevoer of ingebring het; of
 (iii) hy voor die beweerde oortreding wettig 'n eienaar ten opsigte daarvan was en dat dit nie deur homself, of op sy gesag, van 'n plek waar dit aanwesig of aangehou was, verwyder is nie; of"
 (b) deur by paragraaf (c) van subartikel (1) die volgende subparagraaf te voeg:
 "(iv) in die geval van 'n dier, enige brandmerk wat daarop voorkom en wat ooreenstem met 'n brandmerk geregistreer deur 'n bevoegde gesag in 'n ander Staat of gebied, die brandmerk is wat in die Republiek ten gunste van homself of die persoon van wie hy die dier aangekoop of verkry het, geregistreer is;" en
 (c) deur die volgende subartikel by te voeg:
 "(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is, vir sover dit toegepas kan word, mutatis mutandis van toepassing op siviele gedinge wat voortspruit uit die toepassing van hierdie Wet."
- 30
- 35
- 40

Wysiging van artikel 34 van Wet 35 van 1984

12. Artikel 34 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 (4) By die toepassing van hierdie artikel in enige [vervolging] geding, is getuenis dat enige grond, dier, ding of vervoermiddel op die tydstip van die [ten laste gelegde] doen of late wat ten laste gelê of in geskil is, in besit of onder bewaring, toesig, beheer of versorging was van 'n bestuurder, verteenwoordiger, agent, werknemer of lid van die gesin van 'n prinsipaal, prima facie-bewys dat die betrokke prinsipaal 'n eienaar ten opsigte van die betrokke grond, dier, ding of vervoermiddel is."
- 45
- 50

Kort titel en inwerkintreding

13. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Dieresiektes, 1991, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die Staatskoerant bepaal.

(2) Verskillende datums kan aldus ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.